

**Junie 2013**

**Dagsè al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,**

Terugvoering op verlede maand se brief

Baie dankie aan al die persone wat die moeite gedoen het om vir my te laat weet wat die woord "schellen" beteken. Hier is twee van die antwoorde.

Die volgende van Albrecht Holm

Die woord "schellen" beteken klokke of klokkies. In Duits is daar ook die woord "Schelle" (enkelvoud) en "Schellen" (meervoud). Paff was waarskynlik Duitssprekend en die telefone is deur Siemens in Duitsland gemaak.

Met die restourasie van die Ou Raadsaal het ons meeste van hierdie goed gevind. Ook die spreekbuise. Die het gewerk soos in skepe: 'n mens het eers 'n fluitjie in die pyp geblaas om die ander persoon se aandag te trek en daarna kon 'n mens heen en weer deur die buis praat. Daar is afbeeldings van die apparate in die boek "Mure wat Praat".

Groete, Albrecht Holm

[Albrecht Holm is mede-outeur van die boek "Mure wat praat" wat handel oor die restourasie van die Ou Raadsaal.]

Die volgende van Henk Loots

Schellen was klokkies: as een lui het die junior klerk na die senior klerk se kantoor gegaan en die bodes is ook so ontbied.

---

Anton Jansen het die volgende interessante stuk gestuur:

Jou Mei 2013 brief was heel interessant met die foto van die Caxton Printing Works op die voorblad en die Presidentgebou op die volgende bladsy.

Daan de Beer van die Pretoria News se artikelreeks oor *Pretoria 60 Years Ago* gedurende die 1980's was baie leersaam en ek wens 'n koerant wou weer so iets aanpak. Dalk wil jy dit doen?!

Caxton Printing Works het in 1949 na hul moderne multiverdiepinggebou **The House of Caxton** in Sunnyside verhuis, op die punt waar Esselen en Kotzestraat mekaar ontmoet. Die gebou staan vandag nog.

Terug na Caxton in Pretoriussstraat. Die straatnommer in die advertensie is verkeerd; dit was waarskynlik 265/267 en nie 276 nie. Hoekom weet ek?

Honderd jaar gelede was die owerhede heelwat logieser as tans wat straatnommers in Pretoria betref. Ewenommers in oos-wes strate was aan die noordekant (dus onewe-nommers aan die suidekant) en in strate wat noord-suid loop is ewenommers oos en onewenommers wes. Altijd 50 nommers per blok. Dus Kerkstraat 1 was op die suid-ooshoek van Prince's Park-laan, waar AVBOB was, en die leë erf langs die Kruger Museum is 50.

Dit was verpligtend om straatnommers op tuinhekkies of winkeldeure aan te bring. Mens vind deesdae bittermin straatnommers op winkels en op huise is dit weggesteek in die tuin of hoog teen die gewel geplak.

Toen Caxton in 1949 verhuis na Sunnyside het 'n meubelwinkel daar ingetrek, totdat die gebou in 1971 gesloop is en die Prudential Lewensversekeringgebou opgerig is. Die Prudential-deurloop of -arkade was eers 'n stegie wat geboue agter die Caxton Printing Works bedien het. Een was 'n sementvloerteëlfabriek en die ander 'n hardware- en verfinkel.

Meeste geboue van voor 1910 is eers na 1950 in Pretoria gesloop en met seweverdieping kantoorblokke vervang. Dit het 'n negatiewe sosiale impak op Pretoria gehad. Die geboue-eienaars of winkeleienaars het vroeër op of agter hul geboue gewoon maar die Stadsraad het na WO2 steeds meer en meer die residensiële aspek uit die middestad verwijder en sodende twee stede gekweek, 'n werkstad en 'n slaapstad. Duisende mense het sogtens opgestaan en na die werkstad gereis en vyfuur die middag omgekeerd. G'n wonder daar was altyd verkeeropstoppings tydens spitsyd nie.


Groete, Anton

[**Regstelling.** Jammer, in verlede maand se brief het ek verkeerd getik – die straatnommer op die advertensie moet lees 267. Rosa]

Die onderstaande kaart wat Anton saam gestuur het is een van 'n reeks kaarte van die "Insurance Plan of Pretoria" wat in 1925 geteken is. Die boek wat die hele reeks bevat is in die Staatsbiblioteek te sien. Dit dek slegs die middestad van Pretoria. Ek het die hele boek in .JPG formaat op my rekenaar. Ongelukkig te groot om per e-pos te stuur, maar as iemand 'n kopie hier wil kom haal is hulle welkom [Rosa]. [LW: 'Paxton' moet 'Caxton' wees – KvN]



## **10. Pretoria gister en vandag [Pretoria 60 Years Ago, Pretoria News 1988-04-22]**



### **The Lynnwood Road Boom "Tings" no more**

The persistent "ting, ting ... ting, ting" ringing of a bell signalled that the booms were coming down as a train was approaching.

Judging by today's Pretoriana picture, not many drivers at the time had to wait for the booms to lift again.


This picture was taken in the 1940's when Lynnwood Road was known as Struben Road. It is believed that the city council later renamed the street so that it would not be confused with Struben Street in the centre of Pretoria.

The cabin on the right of the picture housed the mechanism which operated the booms, and which was manned day and night by a railways operator.

Passenger and goods trains travelled along this line between Pretoria and Lorenço Marques [now Maputo] in Mozambique.

Today's picture [on next page] shows the remarkable change after the level crossing made way for a subway and other developments in the area.

(Pretoriana picture submitted by Tom Andrews of Douglas Street, Colbyn. Text by staff writer Daan de Beer.)



### So het dit in 1988 gelyk

Ongelukkig het ek geen verdere inligting oor die kruising nie.

---

'n Derde verdieping vir die Goewermentsgebou [Ou Raadsaal]

Die volgende kom uit die boek: ***Mure wat praat. Die verhaal van die ou Raadsaal en sy mense.*** Albrecht Holm en Deirdre Viljoen. Uitgewers - Chris van Rensburg Publikasies.

Bouery aan die Goewermentsgebou was al ver gevorder, fondamente voltooi, mure het reeds op plekke by die eerste verdieping gekom, sandsteensuile was reeds gemaak en dakmateriaal reeds van Europa verskeep. Vanaf Durban sou dit per trein tot in Charlestown vervoer word en van daar per ossewa tot in Pretoria.

Toe gebeur dit: die President het te hore gekom dat die eienaars van die "Grand Hotel" hier op die plein regoor die Goewermentsgebou in Markstraat 'n hotel gaan oprig met drie verdiepings! Grond, eerste en tweede; terwyl die regeringsgebou maar net 'n grondvloer en een verdieping sou hê. Die torings en koepels van die Goewermentsgebou was nou wel hoog en volgens sy argitek was die argitektuur verhewe bo die kommersiële sameflansing van langsaaan, maar die President wou veilig speel: Hy soek en vind noodsaklikheid vir nog 'n verdieping, loods dit deur die Volksraad en laat die argitek gou-gou 'n plan maak. 'n Saal vir die Tweede Volksraad asook 'n tweede verdieping moes aan die halfvoltooide gebou bygevoeg word.

Die instelling van 'n Tweede Volksraad (1890) was 'n skielike skuif om die politieke druk van die *uitlanders* te probeer teenwerk. Tot 1890 was dit so dat

immigrante na vyf jaar van verblyf in die Z.A.R. kon aansoek doen om te naturaliseer waardeur hulle volle stemreg sou kon kry. Na die ontdekking van goud en die gevolglike grootskaalse toestroming van *uitlanders* het die regering gevrees dat daar 'n getalle-oormag sou ontstaan wat kon beteken dat 'n vreemde Britsgesinde regering ingestem sou word. Die stemreg is dus so verander dat die *uitlanders* na vier jaar vir 'n Tweede (ongereskikte) Volksraad kon stem en eers na nog tien jaar vir die Eerste Volksraad.

---

**Of dit nou gegaan het om die hotel in hoogte te oortref, of om meer staatsdepartemente en 'n tweede saal te huisves** sal ons seker nooit weet nie. Hier is wat in daardie tyd in die koerante verskyn het:

De Pers, 1890/01/18 Gemengde nuus

Het gerugt loop dat de Staatspresident den wensch hebben uitgedrukt om nog een verdieping op het nieuwe Gouvernement gebouw te plaatsen. Het zou niet pleiten voor de architectoniesche schoonheid van het gebouw als men er, evenals met een huis uit een bouwdoos, zoo maar een verdieping op kon plakken.

De Pers, 1890/10/04

Tenders! Gebouw ten behoeve van den Tweeden Volksraad, annex aan het Staatsgebouw te Pretoria. De Tenders moeten op het couvert gemerkt zijn: "Tender Tweede Volksraadzaal, Pretoria."

De Pers, 1890/10/08 Gemengde nuus

Het Tweede Kamer-Gebouw. Dit gebouw komt te staan op den grond die aan de rugzyde van het groote Gouvernement gebouw terugwykt. Is het gebouw gereed, dan vormt het gansche een groot vierkant paleis.

De Pers, 1891/03/04

Die beeld wat die voorkant van die nuwe Goewermentsgebou moet versier is nou te sien in die ou werkplaas van Kisch, langs die Kimberly Hotel. Dit stel 'n vrou voor wat met die linkerhand 'n skild op die grond hou en met die regterhand 'n vlagstok vashou. Die beeld rus op 'n bal en sal ongeveer 10 vt hoog wees. Dit is vervaardig deur F. Brady & Co. van Londen. "Wat ons betreft, wy hadden liever een grooter, degelyker en waardiger beeld gezien, waar het toch geldt eene eienaardige afspiegeling van onze vryheid en zelfstandigheid."

---

**Niks nuut onder die son**

De Pers, 1890/02/21

Grappie. "Partick" zei de magistraat, "voor de laaste jaar heb ik u als tuinier gehuurd, maar nu niet langer. Ik zie dat gy oneerlik, onvertroubaar en lafhartig zyt." Wat, mynheer zal ik nu doen?" "Wel, ik heb voor u eene post als constabel gekregen."

De Pers, 1890/12/03

De Reghter-Commissaris, de heer Schutte, merkte Vrydag op in het Hof, dat de politie hem meer moeite veroorzaakte door wangedrag dan het publiek. Zy verstoerde den vrede meer dan dat Zy hem bewaarde. Moest zoo iets kunnen voorkom ?!

Groete tot Volgende maand.

Rosa Swanepoel